MBA-navorsingsprojek: Vanggat of voordeel?

Publikasie: USB Agenda
Datum: Oktober 2013

Is dit steeds nodig om 'n navorsingsprojek as deel van die MBA te doen? **Dr John Morrison**, 'n dosent in Navorsingsmetodologie en senior navorser by die USB, bekyk dit van nader.

Moet MBA-studente werklik 'n navorsingsprojek inhandig? Die maklike antwoord is ja, ons moet dit nakom omdat dit 'n vereiste is wat deur die Suid-Afrikaanse Raad op Hoër Onderwys gestel is. Tog bied talle internasionale bestuurskole MBA's sonder die navorsingskomponent aan. Sekere drukgroepe in Suid-Afrika redeneer ook dat dit 'n kwessie van tyd is voordat die owerheid oortuig sal wees om hierdie vereiste van die hand te wys. Waar moet ons as die USB in hierdie debat staan?

Die kwessie rondom navorsing is nie so eenvoudig nie. Die navorsingsprojek is vir studente die laaste intimiderende stap aan die einde van 'n baie moeilike MBA-reis. Omdat hulle werktyd, gesinstyd, eie tyd en soveel ander dinge opgeoffer het, wil hulle nou feesvier en aangaan met hul lewe. Maar daardie opdrag wat hulle 'akademiese navorsing' noem, lê nog voor – die een finale struikelblok wat so dikwels verhoed dat studente betyds gradueer – of enigsins gradueer.

Navorsingstoesig is ook vir akademiese personeel 'n veeleisende oefening. Dit vereis heelwat aandag aan individuele studente. Dit sal veel makliker wees om meer inhoud te ontwerp wat in die klas afgelewer word. As ons toegelaat word om hierdie roete te volg, sal die dosente se las stellig minder wees en meer studente sal graad kry.

Die begeerte vir makliker paaie bepaal egter nie die USB se standpunt nie. 'n Mens moet die waarde van die navorsingskomponent baie versigtig teen die geen-navorsingsargument opweeg. As ons uit drie belangrike perspektiewe na die saak kyk, bevind ons onsself beslis in die pro-navorsingskool.

Die eerste perspektief het betrekking op die term *akademiese navorsing* wat deurgaans met navorsing op meestersvlak geassosieer word. Hierdie term op sy eie laat studente reeds skrik, veral diegene wat nie voorheen navorsing gedoen het nie. Studente is bang vir hierdie oënskynlike eindelose opdrag, 'n poging wat hulle uiteindelik in die vorm van bladsye vol skryfwerk, genaamd 'n 'tesis', moet voorlê. Verder is die teks veronderstel om met al die regte woorde op die regte plekke versier te word om die goedkeuring van die akademiese puris te kry. Die terminologie, so kenmerkend van navorsingsmetodologie, is veelomvattend en dikwels baie filosofies. Sommige van hierdie navorsingsterme het redelik voor die hand liggende betekenisse en help studente om sinvolle besluite te neem terwyl ander moeilik is om te verstaan, selfs vir toegewyde akademici. Studente bring soms dae deur om terminologie te ontsyfer bloot om 'n voldoende versameling terme in te sluit om die 'tesis' reg te laat klink. Die indruk kan geskep word dat die navorsingskomponent slegs gedoen word om studente te forseer om akademiese vaardighede op meestersvlak te demonstreer maar wat geen betrekking op hul praktiese loopbane het nie.

Dit is egter moontlik om 'n meer pragmatiese standpunt in te neem. Die vaardigheid van navorsing is nie beperk tot die sogenaamde akademiese navorsingswêreld nie. Navorsing is 'n daaglikse toepassing van waarneming of data-insameling om op 'n ingeligte wyse besluite te neem of probleme op te los. Dit gebeur in enige organisasie en die aanvraag na navorsingsvaardighede neem toe.

Organisasies het geleer dat die antwoord nie daarin lê om op konsultante staat te maak wat inkom om klaar-ontwerpte 'kitsoplossings' te implementeer nie. Standaardstelsels wat op 'n situasie met sy eie kontekstuele uniekheid afgedwing word, val so dikwels plat en lewer dan nie die verwagte resultate nie. Leiers in organisasies moet hul eie kontekstuele omgewings verstaan en weet wanneer standaardaanbiedings nie gaan werk nie.

Die vermoë om die regte vrae oor 'n situasie te vra, om te besluit oor die inligting wat nodig is om die aangeleentheid te verstaan, om die inligting in te samel en dit deeglik te ontleed en om goeie aanbevelings te ontwikkel, is 'n vaardigheid wat broodnodig is vir leiers. Ons glo dus vas daarin om MBA-studente met sulke vaardighede toe te rus, wat in werklikheid op navorsingsvaardighede neerkom. Ons posisioneer ook ons navorsing as prakties-gerigte navorsing en nie as puristiese akademiese navorsing nie – maar sonder om wetenskaplike strengheid op te offer. Ons sien die navorsingskomponent van die MBA as 'n laaste geleentheid vir studente om te eksperimenteer en selfvertroue in kreatiewe probleemoplossing op te bou, terwyl hulle iemand het wat hulle lei.

Die tweede perspektief om in ag te neem het betrekking op die algemene onsekerheid oor hoe om die wêreld waarheen ons beweeg te organiseer en reguleer. Ons leef in 'n era waarin die toepaslikheid van bestuursmodelle van nie lank gelede nie bevraagteken word. Die vermoë van leiers om aan te hou leer en om nuwe insigte te ontdek, is 'n vaardigheid wat al hoe meer in aanvraag is. Daar sal dus van praktisyns verwag word om formele navorsingsinisiatiewe aan te pak. Daarby moet hulle die vermoë hê om intelligent na inligtingseine te luister wat uit die daaglikse aktiwiteite van binne en buite die organisasie kom – en om hieruit te leer.

In die lig hiervan kan ons nie 'n idee ondersteun wat die MBA-kwalifikasie as 'n klomp hulpmiddels sien wat in die klas afgelewer word nie. Ons sien liewer die MBA as 'n grondslag waaruit nuwe leerfases spruit. Die MBA-program moet die vermoë en begeerte om te leer vervul, en ons glo dat 'n stewige en prakties-gerigte navorsingsprojek kan help om die nodige eienskappe te ontwikkel.

Die bevindinge van die MBA-navorsing vloei ook weer terug na die bestuurskool as belangrike nuwe kennis. Studieleiers leer soms net soveel as studente deur te sien hoe nuwe insigte uit die bestudering van praktiese situasies te voorskyn kom. Talle MBA-studies het reeds wonderlike materiaal vir klasbesprekings verskaf. Ons woon op 'n vasteland met unieke probleme en ons kan nie uitsluitlik op leerinhoud en gevallestudies uit Amerika staatmaak nie.

Die laaste perspektief vind aansluiting by die USB se beklemtoning van geïntegreerde denke. Ons glo organisasies het leiers nodig wat bo die paradigmas van hul eie funksionele kundigheidsgebiede kan uitstyg; leiers wat die groter prentjie kan sien. Op ons MBA-program sluit ons meer en meer geleenthede in wat vir studente blootstelling gee aan probleme wat oor verskillende onderwerpe en organisatoriese grense strek, en wat dus tot geïntegreerde probleemoplossing lei.

Ons sien die navorsingsprojek as 'n uitbreiding van hierdie visie. Navorsingsonderwerpe wat op praktiese oplossings fokus, is byna altyd multi-dissiplinêr en moet belange dwarsdeur die organisasie, asook ekstern, in ag neem.

Waarop dit neerkom: Vir die USB MBA en ander USB MPhil-programme is die navorsingswerkstuk hier om te bly. Dit sal nie verander nie. Maar ons kan 'n kopskuif maak van 'akademiese navorsing doen' tot 'die aanleer van kreatiewe en praktiese probleemoplossingsvaardighede'. Dit sal goed te pas kom in die res van ons werklewe.

Enige kommentaar oor hierdie artikel? Om kommentaar te lewer, kliek hier of gaan na die USB se Thoughtprint-webwerf.